




LANDMETERSERTIFIKAAT VAN DIE GRENSENGTES EN HOEKHOOGTES VIR ERF 3. OP 2015-05-06 OPGEMEET	
GRENSENGTES IN MILLIMETER	HOEKHOOGTES IN METER
AB = 74569	A = 1780,6
BC = 116000	B = 1780,7
CD = 74569	C = 1779,7
DA = 116000	D = 1779,3



**NOTA:**

- Kontrakteurs moet alle afmetings en hoogtes op die terrein bevestig voor daar met die werk begin word. Argitekte moet onmiddellik van enige afwykings in kennis gestel word.
- Al die huise is dieselfde grootte.

ARGITEK SE HANDTEKENING .....

KLIËNT SE HANDTEKENING .....

**ANTWOORD 20**

In die spasie hieronder, teken, in netjiese vryhand, die vooraansig en boaansig van die SANS 10143 grafiese simbool vir 'n BIDET.



HERSIENING	DATUM	BESKRYWING
<b>ON-THE-DOT ARGITEKTE</b> POSBUS 2000 LUIPERDVALLEI 1012		
GEDRUK DEUR NAT DRUKKERS	DRUKDATUM 2015/07/09	
TEKENINGTITEL <b>TERREINPLAN</b>		
PROJEK VOORGESTELDE NUWE BEHUISINGSEENHEDE IN 'N VEILIGHEIDSKOMPLEKS OP ERF 3, RENOSTERWEG, UITKYKPARK		
PROJEKNOMMER 2015-RR-07	TEKENINGNOMMER EP 3-01-2016	
DATUM 2015/07/07	GETEKEN WILLIAM	NAGESIEN VERNON
VERWYSINGSKODE QV1-2016	SKAAL 1 : 800	

**VRAAG 1: ANALITIES (SIVIEL)**

**Gegee:**

Die terreinplan vir voorgestelde behuisingseenhede in 'n veiligheidskompleks, 'n titelpaneel en 'n tabel met vrae. Die tekening is nie volgens die getoonde skaal voorberei nie.

**Instruksies:**

Voltooi die tabel hieronder deur die vrae, wat na die bygaande tekening en titelpaneel verwys, netjies te beantwoord.

[30]

VRAE		ANTWOORDE	
1	Hoeveel handtekeninge word benodig?	1	
2	Wie het die tekening voorberei?	1	
3	Watter skaal word vir die tekening aangedui?	1	
4	Wie het die tekening nagesien?	1	
5	Wie was verantwoordelik vir die druk van die terreinplan?	1	
6	Hoeveel keer is die tekening hersien?	1	
7	Wanneer is die terrein opgemeet?	1	
8	Hoeveel steekoë word op die terreinplan getoon?	1	
9	Waarvoor staan die afkorting IK?	1	
10	In watter kleur behoort glas op 'n gedetailleerde tekening aangedui te word?	1	
11	Noem die kenmerk by 1.	1	
12	In watter eenheid is die afmetings op die terreinplan?	1	
13	Waarop moet die nuwe plaveisel gelê word?	1	
14	Watter tipe heining word vir die kompleks voorgestel?	2	
15	Wat word deur die pyl by 2 aangedui?	1	
16	Hoekom sou 'n residensiële ontwikkeling nie op die grond direk suidwes van ERF 3 toegelaat word nie?	2	
17	Met verwysing na die bouregulasies, hoekom sou hierdie voorgestelde terreinplan nie goedgekeur word nie?	2	
18	In die spasie hieronder (ANTWOORD 18), bepaal die lengte van die elektriese veiligheidsheining in meter.	3	
19	In die spasie hieronder (ANTWOORD 19), bepaal die gekombineerde totale oppervlakte van AL die voorgestelde geboue in vierkante meter.	4	
20	In die spasie in die titelpaneel (ANTWOORD 20), teken, in netjiese vryhand, die vooraansig en boaansig van die SANS 10143 grafiese simbool vir 'n BIDET.	3	
<b>TOTAAL</b>		<b>30</b>	

**ANTWOORD 18**  
Toon ALLE berekeninge.

**ANTWOORD 19**  
Toon ALLE berekeninge.

EKSAMENNOMMER

EKSAMENNOMMER

2

